IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A308/04

DATUM: 31 OKTOBER 2008

In die saak tussen:

HENDRIK MARTIN — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

---

# UITSPRAAK

VAN REENEN, R:

Hierdie appèl was aanvanklik gerig deur beide die beskuldigdes, Hendrik Martin en Ruben Bokkies Jantjies. Mnr Ruben Bokkies Jantjies het nie sy appèl voortgesit nie en mnr Ballem, wat vir die Staat verskyn, het versoek dat die appèl in soverre dit hom betref van die rol geskrap moet word. Daardie versoek is aan voldoen. Die gevolg is dat die enigste persoon as appellant voor hierdie Hof staan, mnr Hendrik

Martin is, wat as die eerste beskuldigde in die saak wat in die landdroshof van George voorgekom het op 15 Maart 2003 tereggestaan het.

Die hoofinhoud van die aanklag teen die beskuldigdes was dat hulle wederregtelik in besit van vermoedelik gesteelde goedere gevind was, naamlik 'n tuinslang, ter waarde van R78,00 sonder dat hulle in staat was om 'n redelike verduideliking vir sodanige besit te gee. Hulle was beide onverteenwoordigd en het onskuldig gepleit. Hulle is, nadat die Staat slegs een getuie naamlik inspekteur Claasen geroep het, en beide van hulle getuig het na my mening heel korrek skuldig bevind op 'n klagte van oortreding van artikel 36 van Wet 62 van 1955.

Nadat hulle vorige veroordelings bewys is – en dit moes vanweë die lengte daarvan nogal 'n langdurige proses gewees het - is beide die beskuldigdes ingevolge die bepalings van artikel 286(1) van die Strafproseswet, 150 van 1977, na die streekhof vir vonnis verwys. Ek kan net meld dat die landdros gevoel het dat hulle tot gewoontemisdadigers verklaar moes word.

Toe hulle op 28 November in die streekhof te George verskyn het, is die skuldigbevindings bekragtig en is die beskuldigdes daarna elk tot vier jaar gevangenisstraf gevonnis. Die appèl

van beskuldigde 1 was gerig slegs teen die skuldbevinding en nie ook teen die vonnis nie. Beskuldigde 1 se advokaat het vandag te kenne gegee dat die korrektheid van die skuldigbevinding toegegee word en het voortgegaan om die Hof toe te spreek oor die kwessie van vonnis.

Mnr <u>Ballem</u> het die standpunt ingeneem dat omdat daar nie appèl teen die vonnis aangeteken was nie, hierdie Hof nie in staat is om met die vonnis in te meng nie. Hy is reg, maar hierdie Hof het die bevoegdheid om in die uitoefening van sy gemeenregtelike hersieningsbevoegdheid - indien van mening dat die verrigtinge in die Hof *a quo* nie geheel en al ooreenkomstig die reg was nie - daarmee in te meng.

Die feite van die omstandighede wat tot die klagtes waaraan die beskuldigde skuldig bevind is gelei het, is dat hulle op 10 Februarie 2003 en te George in die rigting van hulle blyplek geloop het. Ongelukkig vir hulle, het inspekteur Henry Hermanus Claasen 'n rapport ontvang dat daar twee persone besig was om met 'n tuinslang te loop en as gevolg daarvan het hy met 'n polisievoertuig waarvan die ligte afgeskakel was, gery om te kyk of hy nie die persone kon teenkom nie.

Op 'n plek waar daar 'n draad tussen die spoorlyn en die straat waarlangs hy gery het is, het hy twee persone by die

grensdraad opgemerk. Toe hy dit waarneem, het hy die ligte van sy voertuig aangeskakel en toe die lig op die twee persone val, het hy gesien dat hulle die tuinslang oor die draad gooi, dit wil sê tot op die spoorwegeiendom. Hy het toe sy voertuig gestop; hulle genader; en homself aan hulle voorgestel. Hulle het ontken dat hulle enigiets met die tuinslag te doen gehad het en hy het oor die draad geklim en dit gaan optel. Toe hy vir hulle vir 'n verduideliking vra, het die een in die een rigting en die ander in die ander rigting beduie. Omdat hy hulle verduideliking onaanvaarbaar gevind het, het hy hulle gearresteer en aangehou. Die pyp wat betrokke was, is 'n tuinslang wat bestaan uit 'n gelaste ou en nuwe gedeelte maar die polisiebeampte sê dat dit in 'n bruikbare toestand was.

Die beskuldigdes se verweer dat hulle niks van die tuinslang weet nie en valslik van die besit daarvan beskuldig was en dat die polisieman nooit in hulle besit daarvan kon gesien het nie, is tereg deur die landdros verwerp. Na my mening is hulle korrek skuldig bevind, soos wat die advokaat wat vir beskuldigde 1 verskyn het, tereg toegegee het aangesien na my mening die elemente van die misdryf, soos uiteengesit, onder andere, S v DU PREEZ 1998(2) SASV 133 (K) TE 136i-137a bewys was om teenwoordig te wees.

Dit is geykte reg dat 'n Hof op appèl kan inmeng met 'n vonnis wanneer daar óf 'n wesenlike mistasting begaan is wat betref die oplegging daarvan of dit sulks is dat wat betref die aard en duur daarvan, dit 'n reaksie van skok ontlok.

In die onderhawige geval het beide die beskuldigdes weliswaar 'n indrukwekkende lys van vorige veroordelings, meeste waarvan, indien nie almal nie, betrekking het op misdrywe met 'n element van oneerlikheid en het dan ook dit in gemeen met die misdryf waaraan hulle skuldig bevind is. Maar howe moet versigtig wees om nie te swik voor die versoeking om 'n beskuldigde te straf vir die misdade wat hy in die verlede gepleeg het en waarvoor hy alreeds geboet het nie.

Indien daar na die omstandighede van hierdie misdryf onbevange gekyk word, is ek van mening dat dit nie 'n vonnis geregverdig het, wat - selfs al word die vorige veroordelings van die beskuldigdes as aanduidend van hulle karakters gebruik - 'n vonnis van meer as agtien maande gevangenisstraf geregverdig het nie. Die verskil tussen die vonnis wat ek sou opgelê het en die vonnis wat die streekhof opgelê het, is na my mening so disproporsioneel dat dit nie anders kan as om 'n gevoel van skok te verwek nie.

In die lig daarvan is ek van mening dat dit nie gesê kan word dat die verrigtinge voor die streekhof geheel en al ooreenkomstig die reg was nie en derhalwe staan dit hierdie Hof vry om in die uitoefening van sy inherente hersieningsbevoegdheid die opgelegde vonnis van vier jaar ten opsigte van elkeen van die beskuldigdes deur te haal en dit te vervang met 'n vonnis van AGTIEN (18) MAANDE GEVANGENISSTRAF ELK. Dit word gelas dat die vonnis wat vandag opgelê is, geag sal word opgelê te gewees het op 23 November 2003, dit synde die datum waarop die beskuldigdes aanvanklik gevonnis is.

Dit word versoek dat die uitslag van hierdie appèl deur die griffier van hierdie hof oorgedra word aan die gevangenisowerhede sodat hulle onmiddellik vrygelaat kan word tensy enigeen van hulle regmatiglik vir een of ander rede verder aangehou mag word.

VAN REENEN, R

WALTERS, WnR: Ek stem saam.

WALTERS, WnR

/....